Hoe om te verifieer

Wat is DebiCheck?

DebiCheck verseker dat jy in beheer van die debietorder aftrekkings op jou bankrekening is. Hiermee kry jy binne 48 uur 'n SMS of 'n onmiddellike stoot-boodskap wat 'n eenmalige elektroniese bevestiging van jou bank is. DebiCheck is 'n veilige proses wat vir jou die presiese premiebedrag en die aftrekdatum gee, wat ons jou versekeringspolis met ons sal aftrek. Die verifieringsproses sal nodig wees na 'n gesprek met ons, of wanneer jy 'n verandering aan jou polis maak.

Sien jou bank se stap-vir-stap proses hieronder:

	In-Toep verifikasie	Aanlyn bankdienste	ATM-verifikasie
FNB	• Debietorders sal vertoon wat goedkeuring vereis. • Sien die basiese DebiCheck-mandaat inligting en aanvaar. • Kies 'Voltooi' en jy sal toegelaat word om met aksies op die Toep voort te gaan.	• Die lys van DebiCheck-mandate wat onvoltooid is, sal vertoon word. • Aanvaar en sien die DebiCheck-mandaat inligting. • Jy sal versoek word om jou banktoep oop te maak en die aanwysings te volg.	• Kies die debietorder wat jy vanaf die lys wat vertoon word wil goedkeur. • 'n Opsomming van die debietorderinligting sal vertoon word, waarna jy kan voortgaan om die DebiCheck debietorder te aanvaar.
CAPITEC BANK	• Kliek op die 'Doen Transaksie' knoppie, gevolg deur 'Debietorders'. • Gaan voort deur die 'DebiCheck' knoppie te kies en keur dan die toepaslike mandaat, vanaf die lys van hangende DebiCheck-mandate, goed.	• Gaan na 'My Hangende DebiChecks'. • Kies en keur dan die toepaslike DebiCheck-mandaat goed.	NVT
absa	• Kies 'Debietorders' vanaf die aftrek-kieslys. • Kies en keur dan die toepaslike mandaat, vanaf die lys van hangende DebiCheck-mandate, goed.	• Kies die 'Betalings' knoppie en kliek dan op die 'Magtigings' opsie wat vertoon word. • Kies die DebiCheck-mandaat waarop jy aksie wil neem. • Bevestig dat die inligting korrek is en keur dit goed.	• Kies 'Ander Transaksies' op die vertoonskerm totdat jy die 'DebiCheck Debietorders' opsie kan sien. • Kies die DebiCheck-mandaat vanaf die hangende lys waarop jy aksie wil neem. • Sien die inligting op die debietorder-mandaat en keur dit goed.
NEDBANK	• Kies die rekening waarteen die debietorder afgetrek moet word. • Navigeer na die 'Debietorder' knoppie en kies die 'Mandaat' knoppie om al die DebiCheck-mandate te sien. • Kies die hangende DebiCheck-mandaat waarop jy aksie wil neem en wil goedkeur.	• Kies die rekening waarteen die de-bietorder afgetrek moet word. • Kies 'Debietorders' en die Debi-Check-mandaat om dit goed te keur. • Sien die mandaat inligting en keur dit goed.	• Kies die 'Debietorder Versoek' knoppie en gaan dan voort om die 'Debietorder Magtiging' knoppie te kies. • Kies die toepaslike DebiCheck-mandaat, sien die inligting en keur dit goed.
Standard Bank	• 'n Boodskap sal vertoon word wat jou aanbeveel dat jy 'n debietorder het wat vir jou goedkeuring wag. • Volg die hersiening skakel, sien die versoek en aanvaar die DebiCheck-mandaat.	• Kies 'Doen Transaksie' op jou tuisblad. • Kies 'Debietorders' en dan 'DebiCheck'. • Sien die DebiCheck-mandaat inligting en aanvaar dit.	• Kies die 'Meer Diens' opsie sleutel totdat jy die 'DebiCheck Bevestig Mandaat' opsie sien. • Aanvaar die Bepalings en Voorwaardes. • Kies die toepaslike DebiCheck-mandaat, sien die inligting en magtig dit.
Banktak verifikasie	Jy kan ook DebiCheck-mandate goedkeur deur jou naaste tak vir enige hulp te besoek.		

Hoe werk DebiCheck?

DebiCheck gee vir jou veilige en betroubare debietorder bestuur op 'n platform wat gebruikersvriendelik is. Dit laat elektroniese bevestiging en waarskuwings toe voor nuwe aftrekkings verwerk word.

Is DebiCheck veilig en gee dit gemoedsrus?

Ja, DebiCheck is veilig en gebruik verifikasie en enkripsie vir goedgekeurde betalings en rekening sekuriteit.

Kan ek DebiCheck gebruik om debietorders vanaf enige ander bank te bestuur?

Ja, debietorders vanaf enige bankrekening word deur DebiCheck oor die meeste van Suid-Afrika se groot banke bestuur.

Sal ek enige fooie moet betaal as ek DebiCheck met my versekeraar gebruik?

Nee, DebiCheck met ons is teen geen koste, geen fooie nie.

Hoe dikwels sal ek my DebiCheck debietorder moet bevestig?

Jy sal slegs jou debietorder inligting aan die begin van die kontrak hoef te bevestig. As die debietorder inligting of die bedrag van die premiebedrag wat jy bevestig het verander, sal jou bank jou vra om die nuwe inligting te bevestig.

www.1life.co.za | 0860 10 53 40 | Clientèle Office Park | Cnr Rivonia & Alon Road | Morningside 2196

1Life Insurance is a licensed life insurer & FSP. Ts & Cs online. Copyright 2024 © 1Life Insurance Limited - All Rights Reserved